# HOE OM JOU BELASTINGNAKOMINGSTATUS TE VERSOEK

Jy kan 'n belastingnakomingstatus (TCS) versoek vir 'n bepaalde doel (bv. tender):

- aanlyn deur eFiling; of
- deur 'n SARS-tak te besoek.

## Hoe om jou belastingnakomingstatus deur eFiling te versoek

Sodra jy jou "My Compliance Profile" besigtig het, kan jy 'n belastingnakomingstatus versoek deur:

- Kies die "Tax Compliance Status Request"-opsie asook die soort TCS waarvoor jy wil aansoek doen. Jy sal die volgende opsies hê:
  - Goeie reputasie
  - Tender
  - Buitelandse beleggingstoelae (FIA) (slegs individue)
  - Emigrasie (slegs individue)
- Voltooi die "Tax Compliance Status Request" en dien dit in.

**Top wenk:** Verwys na FIA- en emigrasie-aansoeke vir stawende dokumente wat vereis word.

Belastingpligtiges wat reeds geëmigreer het en wat 'emigrante se oorblywende bates' (voorheen bekend as geblokkeerde fondse) wil oordra, moet 'n TCS vir FIA deur eFiling of by 'n SARS-tak versoek. Wanneer jy vir die TCS, ten opsigte van FIA, aansoek doen, moet jy die “Source of capital to be invested” verstel na “Emigrant's Remaining Assets”. Vir meer inligting, verwys na die proses vir die oordrag van emigrante se oorblywende bates (geblokkeerde fondse).

Sodra jou versoek deur SARS goedgekeur is, sal 'n algehele belastingnakomingstatus en 'n PIN aan jou uitgereik word. Jy kan versoek dat die PIN per SMS na jou gestuur word en jy kan dit op jou "Tax Compliance Status Request" oorsigbord op jou eFiling-profiel besigtig. Die PIN kan ook gedruk word in die vorm van die TCS-uitslagbrief.

**Top wenk:** 'n Unieke PIN sal uitgereik word vir elke versoek wat jy rig.

## Om 'n belastingnakomingstatus by 'n SARS-tak te versoek

Wanneer jy jou belastingnakomingstatus by 'n SARS-tak versoek en indien dit goedgekeur word, sal jou belastingnakomingstatus 'n PIN insluit wat aan jou gestuur sal word per SMS na die geregistreerde selfoonnommer wat SARS op rekord vir jou het of dit kan per e-pos aan jou gestuur word.

## Die belastingnakomingstatus-PIN

Die PIN verskaf 'n manier aan jou om enige derde party te magtig om jou belastingnakomingstatus aanlyn deur eFiling te besigtig. Sodra jy die PIN aan 'n derde party verskaf het, sal die PIN die toepaslike organisasie of regeringsdepartement in staat stel om jou huidige belastingnakomingstatus aanlyn te besigtig. Dit sal 'n algehele nakomingstatus aan hulle vertoon soos op die datum en tyd wat hulle dit nagaan, in plaas van jou status soos dit op die datum was wat die PIN aan jou uitgereik is. Om die vertroulikheid van belastingpligtige-inligting te beskerm, sal geen ander inligting toeganklik wees nie.

### Benodig jy hulp?

Vir meer besonderhede, verwys asseblief na “Guide to the Tax Compliance Status Functionality on eFiling”.

Of skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 SARS (7277) of besoek jou naaste SARS-tak.